

**I.M.S.**

Vol. 1, No 40

**MUNISIPALITEIT**



**STELLENBOSCH**

UNIVERSITEITSBIBLIOTEK

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

8 - MAY 1963

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH  
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNICIPALITY**

22 Maart 1963

## **BRÛE OOR DIE SPOOR**

Omtrent die finale skema vir die Birdstraat-padbrug oor die spoor en Birdstraat self ten noorde en suide van die brug, sal binne 'n paar weke beslis word, so is aan die Raad meegedeel. Die Spoorweë het geld beskikbaar en werk ywerig mee om die skema tot uitvoering te bring.

Die Raad is egter gretig om die hele Du Toitville padverbeteringskema aan te pak. Dit sluit in die verlenging van Adam Tasstraat oor die Krommerivier en sy aansluiting met Birdstraat en Klapmutsweg, waarmee Bellstraat dan sal ophou om 'n hoofpad te wees. Die belastingbetalers sal die hele skema kan oorweeg, al word ook die brug eerste gebou.

Die teenswoordige toestand skep 'n mate van onsekerheid in besigheids- en nywerheidskringe. Sodra alles goedgekeur is, kan noukeurige opmetings gedoen en toekomstige straatgrense bepaal word. Grond wat vir straatdoeleindes benodig word, sal aangekoop moet word.

Noudat groepsgebiede bepaal is en die nuwe aanleg van Du Toitville duidelik word, sal die gebruiksbepaling van grond ondersoek moet word. Intussen het die Raad 'n voorstel voor hom dat die grond ten noorde van Bellstraat (tans ook dikwels Klapmutspad genoem, omdat dit by die eintlike Klapmutspad aansluit) as 'n ligte nywerheidsgebied bepaal word. Dit sal dan die taak wees van Adam Tasstraat om soveel moontlik van die verkeer tussen dorpe te dra en om tegelykertyd maklike en veilige aansluitings te verskaf vir dié wat die dorp vir besigheids- of ander redes wil besoek. Dit volg dat ook die dorpenaars, wat die hoofpaie wil bereik, dit op 'n gerieflike manier kan doen.

Dus: Nadat Adam Tasstraat die ou Dorpstraat-spoorweg-oorgang vervang het, met al sy ongerief vir die reisende publiek, het as tweede verbetering die konstruksie van die brug oor die spoor by Vlottenburg ontstaan waar dit nou lyk asof met die toegangspad na die brug wat alreeds staan, 'n begin gemaak is, en as derde verbetering volg die brug oor die spoor ten noorde van Du Toitstasie.

Dit word hoe langer hoe makliker om die omliggende distrik en dorpe te gebruik sowel vir doeleindes van besigheid asook van ontspanning. Ons is nou gewoond om op die ou end op afgeleë plekke die natuurskoon te soek waaraan die omgewing van ons dorp besonder ryk is.

### **VERKOPING VAN ERWE IN DIE GEBIED WAT VIR DIE KLEURLINGGROEP BEPAAL IS**

Die Raad het hom altyd ten gunste daarvan uitgespreek dat ook blanke werkgewers in hierdie gebied moet kan erwe koop, mits dit uitsluitlik vir bewoning van hulle werknemers gebruik word. Dit blyk egter dat die voorstel nie die goedkeuring van die owerheid wegdra nie, omdat dit teen die beginsel van groepsgebiede sou indruis. Die Raad het besluit om verder ondersoek in te stel en moontlik verstoë aan die betrokke instansies te rig.

### **JAN MARAIS-PARK**

Nou dat Uniepark-aanleg finale goedkeuring nader, kan die toekomstige grense van Jan Marais-park noukeurig bepaal word en met die goedkeuring van die Provinsiale Administrasie word voorbereidings getref om dit behoorlik te omhein. Verdere beplanning van die ontwikkeling van die park sal ook geskied.

---

29th March, 1963.

### **STREET NAMES**

It has been resolved to name the streets in the Aanhouwen Township, which some years ago was acquired by the District Bank, as follows:

Hendrik Berghstraat,  
Martinsonstraat,  
Van Copenhagenstraat,

and thereby to honour previous Managers of the Bank, who are so well remembered by the people of Stellenbosch.

The new Union Park Township will probably be available for development in the course of 1964, and the Council would certainly appreciate suggestions from the public for the naming of the streets in that area.

## **IDA'S VALLEY HOUSING SCHEMES**

The Council is concerned at the delay encountered with the implementation of these schemes. One important obstacle was that the Province had claimed for school purposes a portion of the site comprising a considerable number of plots. This difficulty was, however, surmounted with the kind assistance of Mr. A. P. Venter, our local Provincial Councillor and M.E.C.

Subsequently the National Housing Commission indicated that it would be necessary to redefine the plot boundaries as all such undertakings must be made capable of being converted to "selling" schemes. This necessitated a new lay-out for the plots and a revision of all the estimates for services and a recalculation of the rentals, both for sub-economic and economic houses.

In order to reduce the delay as much as possible, the Council has now authorised a special Committee to proceed with the submission of amended proposals to the Commission, but it has become evident that the multiplicity of control bodies does not contribute in any way towards the speeding up of these projects.

## **THE GOOD NAME OF STELLENBOSCH**

At a time when not only our country but many parts of the great world around us are ringing with the fame of our town because of its beauty and achievements, it is most distressing to be brought down to earth with the realisation that fundamental principles of living together in a well organised community are being discarded. Nothing hurts more than to have the town of which you feel you can be proud, described as dirty and untidy. What a difference to the time, quite a number of years ago, when visitors, representing a great continental newspaper, published a glowing account in that journal. Amongst other things they said that during a Sunday morning visit on a lovely summer's day they found the streets of Stellenbosch so clean that they could have dined off them.

Today the Council is worried, both as a result of complaints received and because of its own observations, that the most frequented parts of the town which not only the residents

but also the visitors are bound to see, are littered with rubbish and old papers which careless people just throw away instead of making the slightest effort to deposit them in the receptacles which are provided or to dispose of them in any other civilised way. Unfortunately, without excepting any section of the community, it seems that none can be called blameless. The streets seem to be regarded as a dump for everything that can be discarded and rubbish is freely swept on to the sidewalks.

The Council has already introduced additional overtime cleansing services, especially at week-ends, but even this does not seem to solve the problem. To establish a service which would function all hours of the day would be costly indeed.

The co-operation of the whole community is required. Not only would our town present the pleasing sight of freshness and cleanliness for which it was renowned in the not too distant past, but great economy could be effected and funds might become available for diversion into other useful channels leading to important achievements such as the provision of housing, beautification of the town and its open spaces and greater amenities after which the public has been hankering for a long time.

Stellenbosch has judged rightly that first things must be done first, but it is sad to observe that there is, in some respects at least, a lack of pride in the home town.

The Council is determined to do all in its power to remove this blot on the good name of the town by all means at its disposal but it would be most gratifying and encouraging if the whole population would co-operate by not using the streets as a rubbish dump and, if necessary, bring to book those who disgrace it by carelessness. Bad habits are easily cultivated, and although this one may not be due to willfulness, indifference and thoughtlessness are not attributes of which one could be proud of.

---

Kantoor van die Burgemeester,  
STELLENBOSCH,

5 April 1963.

## **KIESERSLYS**

Vanjaar vind daar 'n algemene verkiesing van Raadslede plaas en gevolglik moet 'n volledige nuwe kieserslys vir die munisipale gebied opgestel word. Ek wil graag die aandag daarop vestig dat die onus van registrasie op die individu rus en nie op die munisipale administrasie nie.

Eienaars van eiendomme met 'n geskatte waarde van minstens R400 en bewoners van eiendomme van 'n geskatte waarde van minstens R800 is stemgeregtig.

Daar kan nou al aansoek gedoen word vir die plasing van name op die kieserslys en die samewerking van die publiek sal ook in hierdie geval sake vir die munisipaliteit baie vergemak-

## PADVEILIGHEID

Lesers van Eikestadnuus is bewus van die tussen-dorpse padveiligheidsveldtog waarvolgens die dorp met die grootste vermindering van die ongevalletal in sy gebied 'n beker kan wen.

Die afgelope maand het sake in Stellenbosch minder rooskleurig laat lyk as die maande Januarie en Februarie.

In breë trekke kan daar gesê word dat waar die ongeluksyfer vir die eerste drie maande van 1963 in vergelyking met dié van 1962 wel met 9 verminder het, te wete van 63 na 54, die getal beserings sorgwekkend is. In 1962 was daar 29 beserings, waarvan 1 noodlottig, terwyl daar in 1963 net 25 beserings was, waarvan 3 noodlottig. In die maande Januarie en Februarie vanjaar was die ongelukke minder, maar die syfers vir Maart het die posisie heelwat slegter gemaak, soos die volgende tabel aantoon:

### 1962

#### Ongelukke    Beserings

Januarie	.....	.....	.....	18	13
Februarie	.....	.....	.....	19	6
Maart	.....	.....	.....	26	10 (1 noodlottig)
Totaal	.....	.....	.....	63	29

### 1963

#### Ongelukke    Beserings

Januarie	.....	.....	.....	16	7 (1 noodlottig)
Februarie	.....	.....	.....	13	4 (1 noodlottig)
Maart	.....	.....	.....	25	17 (1 noodlottig)
Totaal	.....	.....	.....	54	28

Dit is verblydend dat daar geen ongelukke aangeteken is vir die gevaarpunte wat ek vroeër reeds genoem het nie, naamlik die hoeke van Ryneveld- en Pleinstrate, Bird- en Dorpstrate,

en by die sirkel op die hoek van Bird- en Pleinstrate. Op die hoek van Merrimanlaan en Birdstraat het 4 ongelukke plaasgevind waarby 2 beserings betrokke was.

Die ongelukke wat gerapporteer is, het meesal in Bird- en Dorpstrate plaasgevind. Meesal was voetgangers en fietsryers betrokke in botsings met motors. Al drie die noodlottige ongelukke het Kleurlingvoetgangers geraak.

Daar moet spesiaal op gewys word dat waar stap-oorgange op strate gemerk is, die voetganger die eerste reg het om te beweeg. Tot tyd en wyl daar egter verkeersligte aangebring word, bly dit grotendeels 'n kwessie van wedersydse hoflikheid wat 'n rol speel. 'n Beroep moet op motoriste gedoen word om redelik te wees, maar die voetganger moet natuurlik besonder versigtig wees, omdat hy die meeste aan letsel blootgestel is. Intussen word alles gedoen wat moontlik is om die publiek toe te lig.

## **NATUURBEWARING**

Oor die naweek het ons weer 'n ramspoedige bergbrand beleef, en die wonderlike natuurskoon om ons het nogeens 'n knou gekry wat nooit vergoed kan word nie. In die reël is dit moeilik om die oorsaak vas te stel, en ek kan maar net weer pleit vir die hartlike samewerking aan die kant van elke inwoner van die dorp en distrik. Ewigdurende waaksaamheid is die enigste doeltreffende middel. Om brande hoog teen die berg-hange te probeer blus, is geen grap nie, en ons is innig dankbaar vir die spontane offervaardigheid van die amptenare en ander helpers wat met soveel toewyding en inspanning 'n diens vir die gemeenskap lewer.

## **WYERMAAK VAN VAN RIEBEECKSTRAAT**

Die Raad skenk reeds baie jare aandag aan die moontlikheid daarvan om hiërdie belangrike verkeersweg wyer te maak. Tegnies is daar seker nie veel probleme nie, maar die estetiese aspek is van groot belang. Die vraag is nou in hoeverre die verkeersveiligheid en -gemak die deurslag moet gee. Verder is die vraag ook of daar 'n ander oplossing is. Die gedagtes is geopper dat eenrigting-verkeer minstens toegepas kan word. Dit is begryplik dat die Raad nie maklik tot iets sal oorgaan wat die huidige aansig van die straat sal skend of wat andersins aansienlike ongerief vir die publiek kan skep nie. Miskien wil lede van die publiek hul mening hieroor lug en moontlike oplossings bespreek. Enige wenke is welkom.

11th April, 1963.

## **FAREWELL TO THE EDITOR OF EIKESTADNUUS, MR. NICO UYS**

In the issue of the Eikestadnuus of 5th April, 1963, I read of the decision of Mr. Uys to lay down the editorship which will now be taken over by Mrs. Sophie Hendriks. I am sure that the news has been received with regret by all those who welcomed him when he succeeded Mr. W. A. de Klerk and who looked forward to every issue of his paper, the high standard of which he upheld so well. I wish to thank Mr. Uys for all the courtesy he extended to the Council and to congratulate him on the success he has made of his work.

From the Council's side I would like to assure Mrs. Hendriks of its full co-operation in all efforts to further the welfare of Stellenbosch.

To return to Mr. Uys, I am sure that the honour to have been recalled to his old sphere of work and to have been offered an important educational post, must have done his heart good. My pleasure at this tribute to him is as sincere as my regret at losing him as the Editor of Eikestadnuus.

## **THE ARCHIVES**

As a result of new legislation pertaining to archives the Council has been notified that all documentary records of local authorities must be transferred to one of the government archives — in our case probably the one at Cape Town.

Our office has been instructed accordingly and is already engaged in a survey of all records which are older than 30 years — quite a formidable task.

An "archive" is defined as all papers which have been written, typed or drawn on, thus involving minute books, correspondence, reports, journals, forms, plans, snaps, photos, registers, cash books and the like.

In the case of archives which are older than 30 years and which are still required for administrative purposes, for instance minute books, plans of the sewer or water main network, special application must be made for the right to retain them. No archives may be destroyed.

In the particular case of Stellenbosch, the roots naturally go deep and the earliest developments, as far as they are on record, still affect us to-day.

The preservation of archives, however, I welcome and support. There are cases where much has been lost as a result of ignorance and indifference — fortunately not for Stellenbosch.

Another important aspect is the desirability of having records easily available to those who do historical research, either for their own pleasure or for the benefit of our community.

S. W. J. LIEBENBERG,  
Mayor.